
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

Goddelike Genesing Vervul in Profesie

- DEEL 2 -

CHRISTUS GENEES OMDAT GOD SE NATUUR TEEN SIEKTE IS.

"En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig. Toe sien God dat die lig goed was" (Gen. 1:3-4).

Die wat verklaar dat God siekte op mense plaas ken God se natuur nie. God het lig geskape en gesien dat dit goed was. Hy het ander dinge geskape – hulle was altyd goed. Dit is ondenkbaar dat God 'n sleg ruikende kanker sou skep. Gesonde verstand behoort vir ons te sê dat dit die produk van 'n vyand is, van een wat toegewyd is aan die bose. 'n Kanker is boosaardige chaos. Dit bestaan uit lewende selle wat kranksinnig geraak het, wat probeer om die liggaam waarin hulle leef te vernietig.

Kan siekte van God wees? Die Bybel los dit op deur te sê dat dit van Satan is (Job 2:7; Hand. 10:38). Dink vir 'n oomblik aan 'n paar kwaadaardige siektes wat hulself aan die menslike liggaam vasheg. Dink aan die arme en onooglike voorkoms van 'n waterhoof baba. Dink aan die familie wat jaar na jaar saam met 'n misvormde of swaksinnige kind moet leef. Kyk na die hulpelose epileptiese wat onbeskermd op die grond val of die uitgeteerde liggaam van een in die laaste stadium van kanker. Die lys is eindeloos. Is God verantwoordelik vir hierdie bose siektes? God verbied! Siekte het die kenmerk van Satan, die bewerker van die bose. Christus is die Geneser; Satan is die skender.

Christus genees omdat dit Sy natuur is om te genees, te herstel, mense vry te maak van die bindinge van lyding en siekte. God se natuur is om die bose resultate van Satan te vernietig. Dit is waarom Hy vandag genees.

CHRISTUS GENEES AS GEVOLG VAN SY MEEGEVOEL

Een van die basiese redes waarom Christus die siekes genees is Sy meegevoel. In verband met die eerste genesings van Christus word genoem dat die Here, toe Hy na die aangetaste gekyk het, vol meegevoel was. Die melaatse het na Christus gekom, voor Hom gekniel en Hom gesmeek om hom te genees. Toe het Jesus uit meegevoel, Sy hand uitgesteek, hom aangeraak en vir hom gesê: **"Ek wil, word gereinig!" (Mark. 1:41)** Dit was die eerste menslike aanraking wat die melaatse vir 'n lang tyd gevoel het. Dit was 'n voorbeeld van Christus se genade en meegevoel vir diegene wat deur die vyand verdruk word.

Toe die menigte met hul siekes na Christus gekom het, het Hy, **"innig jammer vir hulle gevoel, en Hy het hulle siekes gesond gemaak" (Matt. 14:14).** Weereens, twee blinde mans het langs die pad gesit en toe hulle hoor dat Jesus daar verby kom het hulle uitgeroep: **"Wees ons barmhartig, Here, Seun van Dawid!"** Nadat hulle hul versoek bekend gemaak het, het die Here **"innig jammer vir hulle gevoel en hulle oë aangeraak, en dadelik het hulle oë gesien, en hulle het Hom gevolg" (Matt. 20:34).**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Goddelike genesing….)

Toe Christus die menigtes met so baie siekes sien dat Hy nie almal kon bereik nie, het Hy jammer vir hulle gevoel en die Twaalf aangestel en uitgestuur om ook die siekes te genees (Matt. 9:35; 10:1).

Die hele plan van verlossing was geïnspireer, nie omdat die lydende mensdom enige reg tot dit gehad het nie of dit verdien het nie, maar omdat God in Sy genade meegevoel gehad het met die wêreld en deur daardie meegevoel sal almal wat aan Hom gehoorsaam is verlossing en genesing verkry.

CHRISTUS GENEES OMDAT GODDELIKE GENESING "DIE KINDERS SE BROOD" IS

Nog 'n rede waarom Christus genees, is omdat genesing die kinders se brood is. Christus het vir die heiden vrou, toe sy na Hom gekom het vir bevryding van haar dogter, gesê: **"Laat eers die kinders versadig word; want dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en vir die hondjies te gooi nie" (Mark. 7:27).** Hy was natuurlik, selfs in die skynbare berisping, besig om die vrou op genesings gebied te kry. Die punt is egter dat wanneer een 'n kind van God word, hy dan 'n reg het om 'n deelnemer aan die kinders se brood te wees, wat ons in die geval die genesing van die liggaam sien.

Dit mag vir 'n vader noodsaaklik wees om sy kind te dissiplineer, maar hy sal hom gewoonlik nie honger bed toe stuur nie. Die Here sal sekerlik nie die brood van genesing van sy kind weerhou nie. Goddelike genesing is nie 'n luukse wat net deur 'n paar gunstelinge geniet word nie, maar die kind van God deur verdienste van sy posisie, verlos deur die offer van die Gekruisigde Een, het 'n reg tot dit wat ten volle gekoop is en wat, sekerlik vrylik gegee sal word.

CHRISTUS GENEES SODAT HY DIE WERKE VAN DIE DUIWEL KAN VERNIETIG

"Hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was" (Hand. 10:38).

"Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek" (I Joh. 3:8).

Lukas, die skrywer van Handelinge, verklaar dat Jesus rond gegaan het en goed gedoen het en almal genees het wat onder die mag van die duiwel was.

Johannes wat dieselfde gedagte opgeneem het, het bygevoeg dat dit die werklike doel was waarom Christus op die aarde verskyn het.

Die Skrif is baie duidelik aangaande siekte en kwale, dat dit geassosieer word met die werke van die duiwel. Dit was Satan wat Job met swere getref het. Die vrou wat 'n dogter van Abraham was was deur Satan gebind met 'n gees van krankheid vir agtien jaar(Luk. 13:10-11,17). Toe Jesus Petrus se skoonmoeder bedien het wat siek was met 'n hoë koors, het Hy die koors bestraf wat aandui dat dit 'n demoniese gees was.

Die feit is, dat die Bybel demoniese onderdrukking of besetting met baie soorte siektes assosieer. Daar is dowe en stom geeste; daar is geeste wat blindheid veroorsaak. Soos bo genoem was dit "die gees van krankheid" wat veroorsaak het dat 'n vrou vir meer as 18 jaar inmekaargetrek was. Die Skrif praat van bedorwe geeste, onrein geeste, bose geeste, verleidelike geeste en ander. Alhoewel sommige name miskien verwisselbaar is, wil dit voorkom asof elke gees 'n bepaalde metode het om die menslike liggaam te teister. Satan is indirek verantwoordelik vir alle siektes.

Daar is kragtiger geeste soos epileptiese geeste wat kan veroorsaak dat 'n persoon bewusteloos neerval. Sulke aanvalle word veroorsaak deur geeste wat demoniese krag uitoefen. Die dissipels kon nie 'n kragtige epileptiese gees uitdryf nie, maar toe Christus op die toneel kom het Hy die gees gedwing om te gaan.

Die Bybel se lering is duidelik dat siekte direk of indirek deur Satan veroorsaak word. Christus genees vandag omdat dit Sy sending is om die werke van die duiwel te vernietig. In werklikheid het Christus Sy genesingsbediening beskou as 'n bewys van Sy goddelike sending. Hy het vir die Fariseërs gesê:

"Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom" (Matt. 12:28).

ALGEMENE KENNIS LEER ONS DAT GENESING DIE WIL VAN GOD IS

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Goddelike genesing…)

"Daarop steek Jesus die hand uit en raak hom aan en sê: Ek wil; word gereinig" (Matt. 8:3).

Een van die snaakste weersprekings van die mensdom is die idee by sommige dat dit God se wil is om nie alle gelowiges te genees nie. Hulle verwys nie na sondaars wat miskien **in rebellie teen God is nie, maar na heiliges, hulle wat 'n goeie, aanvaarbare Christelike lewe geleef het.** Die argument is dat God Sy wonders op geheimsinnige maniere uitvoer, dat Hy 'n siekte op 'n persoon kan plaas om 'n onbekende doel in sy lewe uit te werk, dat God soms selfs 'n Christen in 'n rolstoel plaas vir heiligmaking.

Al hierdie spekulasies is teenstrydig met algemene waarneming, om nie eers te praat van wat die Skrif leer nie. God stuur nie siekte om Sy volk te seën nie. Deut. 28 wys dat siekte 'n vloek is. God sê vir Sy volk: "Gaan werk vandag in My wingerd ". 'n Persoon met koors in die bed kan geen geskikte werk doen nie. In plaas daarvan het hy die dienste van iemand nodig om hom te versorg. 'n Invalide is nie geheilig deur in 'n rolstoel te sit nie, in plaas daarvan veroorsaak die toestand dat die persoon prikkelbaar raak en selfs meer so in die geval van die een wat hom moet versorg. Gesonde verstand wys dat siekte nie 'n seën is nie; dit is die werk van die duiwel; dit is 'n vloek.

Terwyl die persoon as gevolg van sy verkeerde lering volhou dat siekte die wil van God is en wat vir 'n geheimsinnige en wyse doel gestuur is, vertel sy eie bewussyn hom die teendeel. As hy egter regtig geglo het dat sy siekte die wil van God was, sou hy nie stappe geneem het om van die siekte verlos te word nie.

Maar soos almal weet, sal die siek persoon, as hy by sy volle verstand is, sonder twyfel elke mediese hulp wat beskikbaar is soek om van sy siekte genees te word, selfs tot so 'n mate dat hy al sy spaargeld gebruik. Die uiters teenstrydigheid van die leerstelling van "invalideisme" is vir enigeen duidelik wat stop om te dink.

Aan die ander kant, wanneer wonderwerke van genesing plaasvind, verheerlik mense God. So was dit in die tyd van Christus:

". . . En Hy het hulle gesond gemaak, sodat die skare verbaas was om te sien dat stommes praat, gebreklikes gesond word, kreupeles loop en blindes sien; en hulle het die God van Israel verheerlik" (Matt. 15:30-31).

As een deur die Skrif gaan, sal oor en oor in die evangelies gesien word dat wanneer die mense die wonderwerke gesien het, hulle aan God die eer gegee het. Dit is interessant om daarop te let dat toe Lasarus siek was die Here verklaar het dat sy siekte tot die verheerliking van God was. Dit is betekenisvol dat God geen verheerliking ontvang het tot nadat Lasarus genees was. Die vertraging in die genesing het inderdaad veroorsaak dat die Jode die Here bevraagteken het - te kenne gee dat Jesus hom kon verlos het, maar verkies het om dit nie te doen nie (Joh. 11:37). Dit was eers nadat Lasarus uit die dood opgestaan het dat God verheerlik is (Joh. 11:40, 45).

AS CHRISTUS OOIT GENEES, MOET DIT NOU WEES

Die argument dat Christus genees, maar nie nou nie is beslis onverstaanbaar. Wanneer moet genesing plaasvind? Nie eintlik nie. **"Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan" (I Kor. 13:10).** Met die opstanding (wegraping van die Kerk), sal ons onverganklike liggame, soos Christus s'n, ontvang. **"Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word" (I Kor. 15:53).** Geen genesing sal meer nodig wees nie.

Selfs gedurende die Millennium sal die siekte vloek blykbaar grootliks verwyder word. Dit wil voorkom dat die vloek selfs van die natuurlike skepping opgehef sal word. Lang lewe sal grootliks vermeerder, sodat daar nie "'n ou man wat nie sy dae vervul het" sal wees nie (Jes. 65:20). Jesaja 35 praat van die Millennium tydperk. Daar word afgelei dat siekte en kwale grootliks van die aarde af sal verdwyn as dit nie heeltemal verwyder word nie:

"Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word. Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis" (Jes. 35:5-6).

Omdat hierdie dinge so is, is dit duidelik 'n fout om te sê dat goddelike genesing vir 'n ander tyd gehou word. As daar genesing vir God se mense

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Goddelike genesing…)
is, moet dit nou wees. Daar is geen kreupeles in die hemel nie.

CHRISTUS GENEES SODAT SY MENSE DIE KRAG SAL Hê OM VIR HOM TE GETUIG

Ons is geroep om Sy getuies te wees. Maar 'n siek mens is nie in 'n toestand om te getuig nie. 'n Mens moet 'n gesonde liggaam hê om effektief in die Here se wingerd te werk. Wat kon die demoon besette man in die grafte vir Christus doen toe hy in daardie toestand was? Gedryf deur 'n legioen rasende demone, het die man bonatuurlike krag gehad en tussen die grafte geskreeu en homself met klippe gesny. Geteister deur boosaardige magte het hy sy klere van sy lyf afgeskeur en geen mens kon hom tem nie.

Nadat Jesus hom bevry het was hy normaal. Hy het by Jesus se voete gesit, aangetrek en by sy volle verstand en die Here gesmeek om by Hom te bly. Jesus het egter geweet dat daar in sy eie land behoefte aan sy getuienis was. Hy het gesê: **"Gaan na jou huis na jou mense toe, en vertel hulle watter groot dinge die Here aan jou gedoen het, en dat Hy jou barmhartig was" (Mark. 5:19).** Die man was gehoorsaam en sy getuienis het die mense in die stede van Dekapolis geroer. **"Almal was verwonderd ".**

Baie van die mees uitstaande getuienisse vir Christus vandag is die wat Sy genesing ontvang het.

GODDELIKE GENESING, 'N MAGTIGE MIDDEL OM SIELE VIR CHRISTUS TE WEN

Een van die subtielste besware teen goddelike genesing is dat die mens se siel bedien moet word eerder as om genesing vir die liggaam te soek. Die beswaar is glad nie geldig nie. Ek kan uit persoonlike ondervinding sê dat wanneer wonderwerke van genesing plaasvind, dit 'n uiters kragtige manier is om siele vir Christus te wen. En waarom sou dit nie? Wanneer mense sien dat Christus krag het om die liggaam te genees, weet hulle dat Hy ook mag het om die siel te genees.

Toe Elia die volk Israel gevra het om 'n besluit te neem vir die God van Israel of vir Baal, sê hy: **"Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die HERE God is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na! Maar die volk het hom niks geantwoord nie" (I Konings 18:21).** Toe hulle egter die wonderwerk van die vuur wat die offer verteer sien, **"het hulle op hul aangesig geval en gesê: Die HERE, Hy is God, die HERE, Hy is God!" (Vers 39)** Toe die weduwee se seun gesterf het, het dit net verdriet vir haar gebring en selfs twyfel aangaande Elia se sending. Maar toe die profeet hom uit die dood opgewek het, het sy gesê: **" Nou weet ek dit dat u 'n man van God is en dat die woord van die HERE in u mond waarheid is" (I Konings 17:24).**

Die eerste keer toe ons vir Naaman sien was hy 'n trotse hoogmoedige heiden, maar nadat hy deur 'n vernederings proses gegaan het en genesing van sy melaatsheid by die Jordaan rivier ontvang het, is hy verander na 'n ander man wat gesê het: **"Kyk, nou weet ek dat daar geen God op die hele aarde is nie, behalwe in Israel."** Dit was sy belydenis. Meer as dit, hy het hom voorgeneem om net die enigste ware God te aanbid en 'n eed geneem dat hy **"nie meer brandoffer of slagoffer aan ander gode bring nie as net aan die HERE" (II Konings 5:15-17).**

Toe Christus die man wat verlam was genees het, het Hy gesê: **"Seun, jou sondes is jou vergewe" (Mark 2:1-12).** So sien ons dat in Christus se bediening genesing van die liggaam en vergifnis van sonde saam gaan. In plaas van dat goddelike genesing die aandag van verlossing van die siel aftrek, is dit 'n direkte middel na die persoon se hart.

'n Menigte individue getuig van die kragtige invloed wat die goddelike genesingsbediening vir evangelisasie het. Toe die blind gebore man sy sig ontvang het, het hy Christus dadelik aangeneem en gesê: **"Here, ek glo."** En hy het Hom aanbid.

Toe Dorkas uit die dood opgewek is, het baie die Here aangeneem. Daar is werklik gesê dat die Here wonderwerke gedoen het nie om die mense te laat wonder nie maar om te glo (Hand. 9:36-43).

Dat goddelike genesing die gedagtes van verlossing aflei is eenvoudig nie waar nie. Dit berei die mense eerder voor om hulle harte vir die Here oop te maak. Natuurlik moet die waarhede van verlossing verkondig word, maar wanneer mense die wonderwerkende krag van God gesien het, is dit maklik om hulle te bereik.

Die waarheid is dat die bediening van genesing 'n kragtige middel is om siele vir Christus te wen. •

PRESS TOWARDS THE MARK

WHEREFORE SEEING WE ALSO ARE COMPASSED ABOUT WITH SO GREAT A CLOUD OF WITNESSES, LET US LAY ASIDE EVERY WEIGHT, AND THE SIN WHICH DOES SO EASILY BESET US, AND LET US RUN WITH PATIENCE THE RACE THAT IS SET BEFORE US…' (Heb.12:1).

All of us who desire to draw closer to the Lord and become more like Him as the time for His return approaches, realise that there are still areas in our lives which have to be dealt with, as we **"PRESS TOWARDS THE MARK for the prize of the high calling of God in Christ Jesus." (Phil 3:14).** We have a deep conviction of the Holy Spirit to continue striving unto perfection, so as to live in His Will.

"Let us therefore, as many as be perfect, be thus minded and if in any thing you be otherwise minded, GOD SHALL REVEAL EVEN THIS UNTO YOU" (Phil 3:15). This is His promise to us. We must discover our own pet sins, namely those sins that prevent us from experiencing the power of God in the measure that He wants us to have. He will reveal them to us if we come to Him honestly and openly.

Over many years I have often found people on different social and spiritual levels who have a pet sin which they are pampering. The Apostle describes it as "THE sin." The Living Bible calls these sins that wrap themselves around our feet and trip us up" (Heb 12:1). He challenges us to LAY ASIDE these sins if we want to receive the prize at the end of the race.

Many good people who could HAVE BEEN effective Christian workers have become despondent because of the extra weight of sin that they can not lay aside. Long before the end they drop out and become skeptical about the power that God promised them and even doubt the words of Jesus about signs and wonders. Right there and then many give up the hope of ever knowing this wonderful power of God. DON'T GIVE UP. Get alone with God. Seek His face earnestly and at all cost until He reveals your PET SIN to you. Once you have repented you will experience His Power in your life.

Once a rich young man came to Jesus truly wanting to know what was wrong in his religious experience. He was so anxious that he literally RAN and fell down at the Master's feet. He then asked " What must I do ?" and Jesus answered Him " . . one thing you lack..." Christ then showed him his pet sin and commanded him to get rid of it (Mark 10:21). Just remember that as you seek the Lord, He will faithfully put His finger on your weak spot just as He did with this young man, and if you fail to place this sin on the altar you will, like him, also leave GRIEVED. When God speaks, no matter how quiet the voice may be, BE OBEDIENT! Get rid of that PET SIN and move forward with God!

Your pet sin is that sin that you don't want the minister to preach about.

It is that sin that you quickly excuse.

It is that sin you fear your partner will find out about.

It is that sin that you don't want to recognise as sin, that you would rather not have other people know about.

It is that sin that most easily misleads you. It is that sin that you are always ready to defend.

It is that sin that often and quite easily brings doubt and despondency into your mind.

It is that sin that you are least willing to let go of.

It is that sin that you think is so small that God will hardly notice it, but it is so big that you cannot live without it.

But it is that sin that you must be RID of, or else you could drop out of the race.

It is also that sin that you continually try to pass off as a weakness. Be honest with yourself, and call it SIN! Don't call jealousy - vigilance. If you are stingy, don't call yourself economical. If you are guilty of pride, don't try to camouflage it as self-respect. If you exaggerate (or twist the truth), recognise this as telling LIES! Are you down - right stubborn, or do you call it being firm? If your sin is lust that could lead to adultery, don't make excuses for yourself by saying you are "hot-blooded" or had a moment of weakness. Don't blame your partner. Don't call criticism the gift of discernment or a good sense of judgment. Are you irritable and full of complaints? Satan will tell you that irritability is a natural consequence of your nervous disposition! Adam tried to blame the sin committed in the Garden of Eden on his wife. Saying to God: "It was the woman you gave me."

Dearly Beloved, be honest with yourself and with God. Call things exactly what they are. If it is sin, call it sin, and fall on your face before God and ask Him to set you free and make you victorious.

There are many who try to excuse their sin by saying that everyone is doing it! Remember, that you cannot mould your life according to another man's mistakes. Maybe the Lord has spoken to them repeatedly about that sin. Watch out that you don't fall into disobedience as they have. What if He hasn't spoken to them about it? Keep in mind Jesus' reaction to such an attitude when

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Press towards the mark)

He rebuked Peter: "what is that to you? YOU FOLLOW ME." (John 21:22)

In life one can become attached to many little things. It is the small things in our lives that are not necessarily sins that can later take Christ's place if we allow them to. Think of all the Christians that admit to spending hardly any time in Bible study. They say they are too busy, but seem to find time to read the daily newspaper, the Sunday newspaper and many magazines and novels! This literature is more important to them than the Word of God. They have denied God His rightful place in their lives. Much of this is full of pornography and sinful ideas, and even if it is not, then YOU HAVE STILL PUSHED CHRIST OUT OF YOUR LIFE, BY PUTTING WORTHLESS READING MATTER IN THE PLACE OF His Word. Thousands of so-called Christians, who have confessed their faith in God, would experience much more of God's power if they spent less time in front of the television and more time listening to the voice of God. All these things are the small foxes that ruin the vineyard and the young grapes and rob God's people of their productiveness.

Just think of all the hours spent at the rugby field and other sporting events, weekend after weekend — throughout the year. How much more could people do for the kingdom of God if instead they spent some of that time on their knees praying to our Heavenly Father and doing battle against Satan and his demonic forces of darkness! (Eph 6:12)

It is not always the obvious gross sins that stand between man and God! On the contrary, the sins that keep most people from the best that God has for them, are those that everyone is guilty of! Those who truly have a burden for souls that are sick, for a lost world that is on it's way to hell, those who do the works that Christ promised they would do, those whose ministries are followed by signs and wonders, those who bring relief to those in need, have already long ago laid aside these little sins. You may say that "Almost everyone in my church does this or that," but while they are busy doing these things they'll be wondering why the MIRACLE-WORKING POWER OF GOD IS ABSENT IN THEIR LIVES. Many of them wonder if they are ready for the rapture: just ask one or two of those that confess that they are SAVED and SPIRIT-FILLED if they are ready to be transported to meet Jesus in the air, and you will notice their uncertainty. (I Thess. 4:16 -17.)

Such people cannot have the MIRACLE-WORKING POWER OF GOD in their lives. Occasionally they have an answered prayer, but the times that we live in demand more than the occasional answered prayer! YOU CANNOT ADAPT YOUR LIFE TO FIT IN WITH THE CROWD. There is only one worthy pattern for your life and mine, and that is JESUS and the life He lived on earth. Jesus said "come follow me".

There will be some who will not accept this teaching on holiness. That is up to you. I have given you Jesus' methods and the Bible's conditions. If you do not agree with Jesus, maybe the time has come for you to examine yourself and to start agreeing with God. If you want to walk with God and desire His power to work within you, THEN THE TIME HAS ARRIVED FOR YOU TO AGREE WITH HIM. When you are in complete agreement with God, you will begin to differ from other people. It is better to agree with God, even if it means differing from all those with whom you used to agree. Today there are too many Christians who live to please themselves and others, instead of trying to please God.

Everyone's path comes to a crossroad where choices have to be made. Mighty men of God throughout the ages have come to this fork in the road and have always chosen the more difficult way which brought persecution, but also brought GOD'S APPROVAL AND POWER. On the other hand, others have chosen the more attractive path, the path of popularity that led to destruction. Think about Lot of old when the choice of a home was presented to him by Abraham. There was the fertile valley, with Sodom in its midst. This was surely an easier path than the lonely , rugged mountains. Lot was sure that he could live between these valley people without taking part in their sins. Even to the end God said that Lot was a righteous man, but he did not have God's authority. He did not even have enough power to save his sons-in-law from the destruction that God sent upon Sodom, because they didn't believe him. (Gen 19:14).

The easy path is still open to those who choose it, but praise God for a better path. Upon this path you find the footsteps of men like Moses "..who by faith when he had grown up, refused to be known as the son of Pharaoh's daughter. He chose to be mistreated along with the people of God rather than to enjoy the pleasures of sin for a short time." (Heb. 11:24 & 25).

Then there is Joseph, who when he came to the same crossroads chose to keep himself pure, even if it meant years as a prisoner with little hope of being released, Daniel, who as a servant boy refused to drink the king's wine, and kept his appointment with God even though it meant a journey through the lions' den.

These men said "no" to Satan so that they could say "yes" to God. Moses chose the calling of God above the pleasures and treasures of Egypt. He knew that the

(Continued on page 7)

(Continued from page 6 - Press towards the mark)

attraction of sin was only temporary. He considered God's GREATER RICHES and made his choice. He had a true appreciation of riches. How many folk in our times fall at this point. They think that the greater riches belong to Egypt - the riches of the world, its successes and pleasures. It is impossible to say "yes" to God, without first saying "no" to the things of the world!

Those whose eyes are upon this world and whose ambitions are worldly, would be quick to point out to Moses that he had made a foolish choice on such an important issue! But Moses received his reward. He became A FRIEND OF GOD - and communed with God face to face. His face shone so with the glory of God that the people could not look upon him. In co-operation with God He led 3 million people out of slavery into freedom, and observed how they were saved and sustained by the Hand of God. Truly this is the reward that we seek today: that we will be capable of bringing salvation and deliverance to a needy world. God gives this reward to many people today, to those who hear and obey His voice! People who say NO to the world, and YES to God! When you come to a crossroad of decision, YOU make the choice whether you follow the narrow difficult road, which leads to eternal life (with only a few on it), or the broad, easy road which leads to destruction (with many on it). The choice is yours.

In earlier times God said "I looked for a man among them who would build up the wall and stand before me in the gap on behalf of the land so I would not have to destroy it…" (Ez. 22:30). God seeks such people today. God's holiness demands that He send judgment on this evil world. Only the presence of the righteous ones keeps back the flood of judgment. Moses stood in the gap for the children of Israel, and their lives were saved (Ex 32:10 and 11). Abraham stood in the gap for Lot and his wife while they were in Sodom. If Lot could have led a group of righteous people, delivered from their sinfulness by his influence they could have stood together in the gap for the whole of Sodom. (Gen. 18:23, 19: 15).

We live in just as evil a generation as Lot did, a generation sick with sin and bound for judgment. God's wrath has already been spoken over ALL who take part in the sinfulness of this world. God takes no delight in judging the children of men, and now, just as in the past, He is looking for a man - or a woman, who loves mankind enough to make the necessary sacrifices, TO STAND IN THE GAP — and stay the coming tide of judgment. To stand when the storm strikes, pleading in a loud and clear voice for people to flee the coming judgment.

The world is busy arranging the props on the stage for the final scene of the dramatic story of " The history of mankind on earth". Shortly the curtain will be lifted for this last scene, a terrible time of persecution, as God's wrath will be poured out without boundary or measure on this godless world, from which the last righteous man will have been raptured. The clouds are gathering, the lightning is striking, the thunder is rumbling - and the gusts of wind before the approaching storm are being felt in an increasing measure.

"...Open your eyes and look at the fields? They are ripe for harvest " (John 4:35). In these days it is extremely IMPORTANT that the servants of God keep the harvest in mind so that they can WORK, for NIGHTFALL COMES WHEN NO MAN CAN WORK. It is a time when ALL THE AVAILABLE POWER OF GOD must be put to work in order to save as much as possible of the precious harvest, before the storm breaks loose. Now is the time when YOU AND I must find the gap where God wants us to stand and faithfully STAND IN IT.

How pathetic it was when God hopefully sought a man to stand in the gap, but had to cry out: "I have found NO-ONE. Therefore have I poured out my wrath over them: I have consumed them by the fire of My fury."

God is still looking for MEN AND WOMEN TO STAND IN THE GAP! He still seeks labourers for the harvest. He still offers the same wage, the same reward — for those who come in the last hour as for those who have labored during the heat of the day. He only asks an immediate reaction to His call, and faithfulness in obeying His commands. Will you say YES, to God's call? Will you accept His BEST — for the deliverance of the lost, the sick and the suffering - the MIRACLE -WORKING, SOUL-SAVING POWER OF GOD? Although since the time of the righteousness of Abel until now, much has been achieved by holy men and women of God to free mankind, when I look in God's Word and see His mighty promises and the miracles which have been performed through those who DARED TO BELIEVE, then I am convinced that there is still MUCH MORE THAT GOD WILL DO THROUGH ANY MAN OR WOMAN WHO IS PREPARED TO GO THE WHOLE WAY WITH HIM, and who never doubts in his heart! What enormous power would be released against the destroyer of mankind, Satan, if a HUGE ARMY OF MEN AND WOMEN unanimously decided to stand on the Promises of God, and trust Him for HIS MIRACLE WORKING-POWER!

You can be ONE of them, ONE OF THE ARMY! When God looks for a MAN, will you be willing? WILL YOU BE THAT PERSON? ●



UIT DR JAMES se kantoor

Geliefdes in Jesus,

Hoe slegter die dinge in die wêreld raak, hoe nader is die koms van die Here. Dit beteken nie dat ons almal passief op 'n bergtop met gevoude arms moet gaan sit nie, nee, ons moet nou, meer as ooit tevore, besig wees met ons Vader se dinge. Soos ons die aanvalle sien toeneem, moet ons die hele wapenrusting van God aantrek (volgens Ef. 6) en veral die Swaard van die Gees opneem – wat die Woord van God is, en teen die vyand die stryd stry.

Die Woord sê: **So sal My woord wees wat uit My mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur (Jes. 55:11).**

Het jy geweet dat die oplossing van die probleem, wat jou nou in die gesig staar, in die Woord van die Here is? As jy die duiwel met die Woord sal weerstaan en die bekommernis van die situasie op God werp, sal jy oorwin.

Laat ek jou egter waarsku, om aan die Woord vas te hou is nie altyd maklik nie. Die duiwel weet dat as hy dit nie van jou steel nie, jy dit sal gebruik om sy nederlaag af te dwing. Moet dus nie verbaas wees as hy 'n teenaanval loods om dit teen die Woord van God te verhef nie. As jy siek is kan hy begin om vir jou te vertel: "Jy gaan nie genees nie. Jy weet dat genesing nie vir vandag is nie. Selfs as dit was, sal dit nie vir jou werk nie. Dit mag vir iemand anders werk , maar nie vir jou nie." As hy begin om die soort ding vir jou te vertel, moenie dit glo nie! Die gevegsterrein is in die denke. Moenie begin om daaroor bekommerd te raak nie en te dink: " O, ek is bang ek gaan nie genees nie. Ek voel regtig nie genees nie. Ek gaan waarskynlik net erger en erger word ...."

Onthou: Dit is die Woord wat die werk deur die krag van die Heilige Gees doen, saam met jou geloof in jou Hemelse Vader en Sy Seun Jesus. Dit sal vir enigeen werk wat daarop reageer in geloof. Dit sal vir jou werk net soos dit vir Jesus gewerk het toe Hy op die aarde was. Hy het vir Satan gesê: "Daar is geskryf!" (Luk. 4)

Maak nie saak wat die duiwel vir jou probeer vertel nie, weier om die Woord te los. Vertel hom wat geskryf is aangaande jou situasie. Laat God se Lewende kragtige Woord sy eie stryd stry veg. Dit sal die duiwel elke keer verslaan, want Groter is Hy wat in jou is as hy wat in die wêreld is! (1 Joh.. 4:4) Halleluja!

Ons wil julle weereens bedank vir jul gebede en liefdevolle ondersteuning, wat ons in staat stel om die Here se opdrag om die Woord van Verlossing en genesing te versprei, uit te voer. Daar is so 'n desperate behoefte dat die Goeie Nuus van Jesus elkeen sal bereik, en ons loof en dank ons Hemelse Vader vir die groot rol wat julle speel om ons te help om dit te doen. Ons bid dat Hy julle sal seën en bewaar, beskerm en voorsien in elke behoefte van julle.

Baie liefderoete,

Dr James

VANDAG SE GOEIE NUUS GELEES?

Matt.6:33: ... soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

God wil nie hê dat die koerant die eerste ding in die oggend is wat jy gryp en al die slegte nuus in die wêreld lees nie. Hy weet dat as jy dit doen, jou hart vol bekommernis, angs en selfs vrees sal wees.

Wanneer jy die koerante, tydskrifte, mediese joernale, ekonomiese verslae lees, rolprente kyk of die hele tyd op die internet gaan, kry jy jou "voeding" vanuit hierdie bronne in plaas van God se Woord. Ek is nie teen hierdie dinge gekant nie. As jy egter aanhoudend net op hierdie aardse dinge voed, wat nie kan bevredig nie, sal jy jou hart en denke vul met probleme en bekommernisse. Jesus wil nie hê dat jy opeindig met bekommernisse oor jou lewe nie- oor wat jy sal eet, drink of dra – omdat dit die dinge is wat die Heidene(mense van die wêreld) soek. Hy sê dat jou Hemelse Vader baie goed weet dat jy hierdie dinge nodig het (Matt. 6:31:32).

Dit is waarom Hy jou belowe dat as jy eers Sy koninkryk soek en Sy geregtigheid, al hierdie dinge waarna die wêreld soek, aan jou gegee sal word. Dit sal nie net gegee word nie maar bygevoeg, wat beteken groter in hoeveelheid en kwaliteit!

As jy te kort het, moenie materiële dinge najaag nie. Volg God jou voorsiener. As jy siek is, moenie die "genesing" najaag nie. Volg God jou geneser.

My vriend, moenie die koerant gryp of jou vriend skakel die eerste ding in die oggend , om oor die nuutste slegte nuus te praat nie. In plaas daarvan gryp jou Bybel en lees al die goeie nuus wat God vir jou vir die dag het. En soos jy eerste die koninkryk van God en Sy geregtigheid soek, sal al die dinge waaragter die wêreld hardloop vir jou bygevoeg word!

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is: Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, Rek. No 53730091667, Tal Kode: 220129, Stanger.